



**NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 25 JUNIE 2025**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronbestuur, me S de Jongh
Komitee beampte, me S Willemse

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester open die vergadering.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Dat kennis geneem word van die verskoning ontvang vanaf die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche.

3. SAKE VIR BESPREKING

**3.1 NOTULE VAN MUNISIPALE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE-
VERGADERING GEHOU OP 25 FEBRUARIE 2025 (5/15/1/3)**

Die notule van die Munisipaliteit se Prestasie-, Risiko- en Ouditkomiteevergadering gehou op 25 Februarie 2025 word ter tafel gelê, in ooreenstemming met die goedgekeurde Prestasie-, Risiko- en Ouditkomitee.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie, Risiko en Ouditkomitee se vergadering van 25 Februarie 2025.

**(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER**



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 17 JULIE 2025 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess

Rdl N Smit

~~Rdh T van Essen~~

~~Rdl A K Warnick~~

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller

~~Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann~~

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Senior Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingdienste, mnr R Steyn

Bestuurder: Sekreatriaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdh J M de Beer om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Kennis geneem van die verskonings ontvang vanaf rdh T van Essen, rdl A K Warnick, die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Speaker, rdh M A Rangasamy.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 18 JUNIE 2025

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 18 Junie 2025 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

5.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 18 JUNIE 2025

5.1.1 ITEM 7.11: BEDRAG WERKLIK AFGESKRYF TEN OPSIGTE VAN DEERNISHUISHOUDINGS EN ANDER ONINVORDERBARE SKULDE (5/7/3)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 18 Junie 2025 in beginsel goedkeuring verleen vir die afskrywing van oninbare skulde, onderhewig daaraan dat na die afhandeling van alle aksies, die werklike bedrae voorgelê sal word.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat die bedrae wat werklik afgeskryf is ten opsigte van deernishuishoudings R4 850 207.60 beloop en ten opsigte van ander oninvorderbare skulde R923 175.44 beloop;
- (b) Dat kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om enige bedrag wat afgeskryf is, weer terug te skryf na die betrokke debiteur en alle nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat
 - (i) 'n huishouding nie aan die deerniskriteria voldoen het nie (soos bepaal in Hoofstuk 7 van die Deernisbeleid); of
 - (ii) 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie; of
 - (iii) enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was, wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie;
- (c) Dat kennis geneem word dat indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. 'n Register is by die Eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word.

6. MAANDVERSLAG: MEI 2025

[Nota: Die prestasie- en finansiële inligting t.o.v. Kwartaal 4 word ingesluit in die artikel 52 MFMA-verslag wat op 31 Julie 2025 aan die Raad voorgelê sal word, vandaar die voorlegging van slegs addisionele verslae soos van toepassing op die betrokke direkteur.]

6.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die maandverslag van die Direkoraat: Siviele Ingenieursdienste vir die maand van Mei 2025 word ter tafel gelê.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat: Siviele Ingenieursdienste ten opsigte van Mei 2025.

6.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die maandverslag van die Direkoraat: Elektriese Ingenieursdienste vir die maand van Mei 2025 word ter tafel gelê.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat: Elektriese Ingenieursdienste ten opsigte van Mei 2025.

6.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gee terugvoering insake die vordering met die behuisingsprojekte soos in die maandverslag vervat.

6.3/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat Ontwikkelingsdienste ten opsigte van Mei 2025.

6.4 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.4.1 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS

6.4.2 BRANDWEERDIENSTE

Die Senior Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingsdienste noem dat die drastiese afname in die slaagsyfer van leerlinglisensies toegeskryf kan word aan die nuwe elektroniese stelsel wat onlangs deur die Departement van Mobiliteit geïmplementeer is.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat Beskermingsdienste ten opsigte van Mei 2025.

7. NUWE SAKE

7.1 JAARVERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENING-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE FINANSIËLE JAAR EINDIGEND 30 JUNIE 2025 (8/1/B/2)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Raad voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2024 tot 30 Junie 2025 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag insake die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid gedurende die 2024/2025 finansiële jaar ingevolge Artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);
- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2025 tot 30 Junie 2025 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties was om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid genoodsaak het (Aanhangsel D). Kennis moet geneem word dat betalings nog in die 2024/2025 finansiële jaar gefinaliseer moet word. Om aan wetgewing in terme van kwartaal 4 te voldoen, sal enige verskille in die volgende VKB-kwartaalverslag uitgelig word, onderhewig aan syfers/transaksies wat 'n impak op die volledigheid van die finansiële state sal hê..

7.2 KWARTAALVERSLAG OOR DIE PRESTASIE VAN KONTRAKTEURS (8/1/B/2)

Die verslag insake die kwartaallikse prestasie-evaluering van kontrakteurs wat ingevolge die Voorsieningskanaalbestuursbeleid aangestel is, word voorgelê ter voldoening aan Artikel 116(2) van die MFMA en die kernprestasie-indikator van die Munisipale Bestuurder.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die kwartaallikse verslag insake die prestasie van kontrakteurs vir die periode 1 April 2025 tot 30 Junie 2025.

7.3 MENSLIKE HULPBRONNE: HERSIENING VAN T.A.S.K. POSEVALUERINGS-BELEID (4/2/B)

SALGA Nasionaal het 'n besluit geneem om nie die lisensie van *Deloitte Consulting* vir die evaluering van posbeskrywings te hernu nie. Die munisipaliteite in die Weskaap, in oorleg met SALGA Weskaap, het egter besluit om wel die lisensie van *Deloitte Consulting* te hernu en SALGA Weskaap het gevolglik die T.A.S.K. Posevalueringsbeleid dienooreenkomstig aangepas.

Die aangehegte T.A.S.K. Posevalueringsbeleid is belyn met dié van SALGA Weskaap en is aan die vakbonde voorsien vir kommentaar. 'n Werkwinkel op versoek van die vakbonde het plaasgevind op 17 Junie 2025 om die wysigings aan die beleid toe te lig.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte gewysigde T.A.S.K. Posevalueringsbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 Augustus 2025;
- (b) Dat, met die aanvaarding van die beleid en spesifieke verwysing na paragraaf 7.6, die departementele KPI's van die Direkteure in Januarie 2026 aangepas word om die betrokke KPI in te sluit;
- (c) Dat die Stelsel van Delegasies aangepas word met die verantwoordelikhede voortspruitend uit die aanvaarding van die beleid.

7.4 HERNUWING VAN HUUR VAN MUNISIPALE GEBOU (VOORMALIGE BIBLIOTEEK) GELEË OP ERF 3509 SENTRUMWEG, MOORREESBURG AAN KHETH'IMPILO AIDS FREE LIVING (12/1/3/1-9/1)

Die NPO, Kheth'Impilo Aids Free Living, het 'n ooreenkoms met die Departement van Gesondheid om gesondheidsorgdienste aan die gemeenskap van Moorreesburg te lewer. Hierdie dienste sluit in tuisversorging, gesinsbeplanning, uitreiking van medikasie aan pasiënte, immunisering, ens. en word daaglik vanaf 07:30 tot 16:00 gelewer.

Die huurtermyn verstryk op 31 Julie 2025 en wil die organisasie graag voortgaan om die munisipale gebou op Erf 3509, Sentrumweg, Moorreesburg vir voormelde doeleindes te huur.

'n Gedeelte van die gebou sal deur me T Williams gebruik word vir die aanbied van ABET-klasse vanaf Maandae tot Donderdae tussen 08:00 en 12:00. Me Williams het voorheen die dienste vanuit die Ou Kommando-gebou gelewer.

BESLUIT

(op voorstel van  gesekondeer deur rd 

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die hernuwing van huur van 'n gedeelte van die munisipale geboue, geleë op Erf 3509, Sentrumstraat, Moorreesburg, ongeveer 809.5m² groot, aan Kheth'Impilo AIDS Free Living 070-577-NPO onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes sowel as die volgende voorwaardes:
 - (i) Dat die huur vir 'n verdere periode van een (1) jaar sal duur met ingang vanaf 01 Augustus 2025 tot 31 Junie 2026;
 - (ii) Dat 'n huurbedrag van R120.00 (BTW uitgesluit) per jaar, betaalbaar sal wees;
 - (iii) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die betaling van diensteverbruik; en
 - (iv)/...

7.4(a)/...

- (iv) Dat die gedeelte deur Kheth'Impilo AIDS Free Living NPO slegs gebruik word vir die voorsiening van gesondheidsdienste en die ander gedeelte gebruik word deur Me T Williams vir voorsiening van ABET klasse;
- (b) Dat, ingevolge paragrawe 13.1.1 van die Bate Oordrag Beleid, kennis geneem word dat die verhuring by wyse van direkte onderhandelinge geskied, gegewe die huurder 'n historiese eiendomsreg deur die Munisipaliteit verleen was vir aanwending daarvan as 'n gesondheidsorgsentrum, en het die huurder sedertdien alle verantwoordelikhede en verpligtinge in terme van die ooreenkoms nagekom.

7.5 FORMALISERING VAN 'N HUUROOREENKOMS TUSSEN DIE DARLING TRUST EN DIE MUNISIPALITEIT T.O.V. MUNISIPALE GEBOU GELEË OP 'N GEDEELTE VAN ERF 1399, DARLING VIR OPVOEDKUNDIGE DOELEINDES (12/1/3/1-3/1)

Die bestaande huurooreenkoms met Darling Trust wat fasiliteite vanaf Erf 1399, Darling bedryf sluit nie die Vroeëkinderonwikkelingsentrum (ECD-sentrum) in nie. Die ECD-sentrum bestaan uit twee klaskamers en akkommodeer 64 leerders.

Daar is nie enige moontlikheid vir verdere uitbreiding van die ECD-sentrum op Erf 1399, Darling nie en het die Raad op 31 Mei 2025 die vervreemding van die aangrensende eiendom, Erf 1400 aan Darling Trust goedgekeur. Sodra die ECD-sentrum op Erf 1400 ontwikkel is, sal die klaskamers op Erf 1399 as 'n nasorgfasiliteit bedryf word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die formalisering van die huur ten opsigte van die munisipale gebou geleë op 'n gedeelte van Erf 1399 Fabriekstraat, Darling, ongeveer 500m² groot, aan 'The Darling Trust (IT 2598/2003)', onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
 - (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van drie jaar vanaf 01 Augustus 2025 tot 31 Julie 2028 sal duur;
 - (ii) Dat huurgeld ten bedrae van R120.00 per jaar, BTW uitgesluit ten opsigte van jaar 1 verhaal word, onderhewig aan eskalasie bereken op die Verbruikersprysindeks (VPI) vanaf jaar 2;
 - (iii) Dat die eiendom slegs aangewend word vir opvoedkundige doeleindes en vir geen ander doel nie; en
 - (iv) Dat daar aan alle administratiewe, tegniese en regsvereistes voldoen word.
- (b) Dat, ingevolge paragrawe 13.1.1 van die Bate Oordrag Beleid, kennis geneem word dat die verhuring by wyse van direkte onderhandelinge geskied, gegewe die huurder vanaf 2009/2010 'n historiese eiendomsreg deur die Munisipaliteit verleen was vir aanwending daarvan as 'n vroeë kinderonwikkelingsentrum, en het die huurder sedertdien alle verantwoordelikhede en verpligtinge in terme van die ooreenkoms nagekom.

7.6 VERHURING VAN SKEEPSVRAGHOUER NR 1 GELEË OP 'N GEDEELTE VAN ERF 7516, JAKARANDASTRAAT (HANDELSPASIE), MALMESBURY (12/1/3/1-1/1)

Die handelspasie op Erf 7516, Jakarandastraat bestaan uit vier skeepsvraghouers, waarvan een vakant geraak het. 'n Mededingende proses is gevolg vir die verhuring van die spasie, waartydens ses kwalifiserende aansoeke ontvang is.

Onderhoude is gereël met die suksesvolle aansoekers (een aansoeker het nie opgedaag nie) en uit die evaluering van die besigheidsmodel en onderhoud het Ogungu (Pty) Ltd t/a Liyo's Beauty Palace te hoogste punt bepaal.

7.6/...

Die voorstel is om 'n huurooreenkoms met die suksesvolle entrepreneur aan te gaan vir die huur van die handelspasie vir die periode 1 Augustus 2025 tot 31 Julie 2027.

BESLUIT

(op voorstel van rdl  esekondeer deur rdl)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die voorgestelde verhuring van Skeepsvraghouer nr. 1, geleë by die handelspasie, op 'n gedeelte van Erf 7516, Jakarandastraat, Malmesbury aan Ogungu (Pty) Ltd handel as 'Liyo's Beauty Palace', onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
 - (i) Dat die verhuring vir 'n tydperk van twee (2) jaar sal duur vanaf 01 Augustus 2025 tot 31 Julie 2027; en
 - (ii) Dat die huurders verantwoordelik sal wees vir die betaling van 'n maandelikse huurbedrag van R100.00, BTW uitgesluit, asook vir die betaling van diensteverbruik;
 - (iii) Dat die onsuksesvolle applikante skriftelik in kennis gestel word van die uitkoms van die evalueringsproses;
- (b) Dat, weens die feit dat die voorgestelde transaksie deel uitmaak van die munisipale strategiese doelwitte om ekonomiese transformasie aan te moedig, die goedkeuring vir die verhuring van die skeepsvraghouer aan die suksesvolle applikant ondersteun word.

7.7 VOORGESTELDE VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 806, CHATSWORTH (VOORMALIGE KLINIEK) GELEë OP DIE h/v 1STE- EN HUTCHINSONLAAN AAN DIE UNITED NATIONS OF AFRICA FOUNDATION (12/1/3/1-/3/1)

Met die vestiging van 'n nuwe satelliet kliniek op Chatsworth het die gebou op Erf 806, Chatsworth waaruit die voormalige gesondheidskliniek bedryf was, die Raad se eiendom by wyse van 'n terugvalklousule geword.

Daar is met SASSA in gesprek getree om moontlik die munisipale gebou vir hulle interaksies met die publiek aan te wend, maar het lg. bevestig dat, weens finansiële beperkings, dit nie moontlik sal wees nie.

Voorstelle is gevolglik gevra vanaf nie-regeringsinstellings of ander nie-winsgewende organisasies vir die bestuur en bedryf van die munisipale gebou.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die verhuring van die gebou geleë op 'n gedeelte van Erf 806 Chatsworth, op die hoek van 1^{ste}- en Hutchisonlaan, ongeveer 358m² groot, voetstoots, aan die United Nations of Africa Foundation NPO (015-438 NPO) onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
 - (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van drie jaar vanaf 01 Augustus 2025 tot 31 Julie 2028 sal duur;
 - (ii) Dat huurgeld ten bedrae van R120.00 per jaar, BTW uitgesluit ten opsigte van jaar 1 verhaal word, onderhewig aan eskalasie bereken op die Verbruikersprysindeks (VPI) vanaf jaar 2;
 - (iii) Dat die eiendom slegs aangewend word vir gemeenskaps-ontwikkelingsdoeleindes en vir geen ander doel nie;
 - (iv)/...

7.7(a)/...

- (iv) Dat die huurder verantwoordelikheid aanvaar vir die opknapping en onderhoud van die gebou op eie koste; en
- (v) Dat daar aan alle administratiewe, tegniese en regsvereistes voldoen word.

7.8 UITSTAANDE DEBITEURE: JUNIE 2025 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer en noem die Direkteur: Finansiële Dienste dat die afname in skuld toegeskryf kan word aan die afskrywings in Junie en dat die daaglikse bestuur van skuld steeds 'n uitdaging vir die Munisipaliteit bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Junie 2025.

7.9 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 Junie 2025 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.10 HERSEELPROGRAM: 2025/2026 (16/5/5/1)

Die Raad het 'n bedrag van R15 500 000,00 vir die herseel van strate in die konsep-begroting gedurende Maart 2025 goedgekeur. Die bedrag is na R20 500 000,00 verhoog met die finale goedkeuring van die begroting in Mei 2025.

Die herseelprogram is derhalwe hersien ooreenkomstig die verhoogde bedrag in die 2025/2026 finansiële jaar.

BESLUIT

(op voorstel van rdl , gesekondeer deur rdl)

- (a) Dat die opgedateerde herseelprogram dienoreenkomstig die hersiende allokering van fondse in die 2025/2026 finansiële jaar goedgekeur word;
- (b) Dat kennis geneem word dat die aangehegte herseelprogram voorlopig is, aangesien 'n afskaling van die program moontlik te weeg gebring kan word deur uitgawes verbonde aan voorbereidingswerk aan die betrokke strate.

7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKYRINGPROSEDURES: BETALING VAN VERVOERKOSTE T.O.V. JEUGUITRUILPROGRAM TE DUITSLAND (8/1/B/2)

Die afwykings ten opsigte van visum- en vliegkoste vir die bywoning van die Jeuguitrui-program te Duitsland het in Junie 2025 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gediën en is daar ooreengekom dat posnommer 9/201-1316-1512 (External Affairs) vir hierdie doeleindes gebruik sal word.

'n Plaaslik gebaseerde vervoermaatskappy in Sachsen-Anhalt is deur Kies Landesverband gereël vir die vervoer van die Swartland-groep tussen die lughawe en die kampterrein in Quedlinberg waarvan die uitgawe R37 966,50 beloop.

Besluit/...

7.11/...

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat die waarnemende Munisipale Bestuurder die betaling goedgekeur het van vervoerkostes (tussen die lughawe en die kampterrein) aan Kiez Landesverband ten opsigte van die afgevaardigdes wat aan die Jeug-Uitruilprogram in Duitsland sal deelneem in Julie 2025, en vir afwyking van die verkrygingsproses in terme van paragraaf 36(1)(a)(v) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid vir die volgende rede:
 - (i) Die vervoer van al die jeugafgevaardigdes tussen die lughawe en die kampterrein word geadministreer/gekoördineer deur Kiez Landesverband as die uitnodigende organisasie, en dit gevolglik onprakties is vir die Munisipaliteit om die dienste van 'n Duisland-gebaseerde kontrakteur te bekom in terme van die voorskrifte van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.
- (b) Dat kennis geneem word dat die uitgawe ten bedrae van R37 966,50 toegewys was teen mSCOA posnommer: 9/201-1316-1512;
- (c) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur opdrag gegee word om bogenoemde rede as 'n aantekening by die finansiële state in te sluit, wanneer dit saamgestel word.

7.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKYRINGPROSEDURES: OPLEIDING AAN VERKEER/WETSTOEPASSINGBEAMPTES 2025: GENE LOUW VERKEERSKOLLEGE (8/1/B/2)

Gene Louw Verkeerskollege, onder die Departement van Vervoer en Openbare Werke (Wes-Kaap), is die enigste geakkrediteerde diensverskaffer wat die volledige reeks opleidingsmodules kan aanbied wat nodig is vir die optimale funksionering van verkeer- en wetstoepassingsbeamptes.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het vir die aanstelling van Gene Louw Verkeerskollege (Departement van Vervoer en Publieke Werke – Wes-Kaap) as die diensverskaffer vir die opleidingsintervensies soos gelys in hierdie verslag, en dat daar van die verkrygingsvoorskrifte afgewyk word in terme van paragraaf 36(1)(a)(v) van die Verkrygingsbestuursbeleid vir die volgende rede:
 - (i) Opleiding word op 'n individuele basis vereis, soos en wanneer die operasionele behoefte ontstaan. Daarom is dit noodsaaklik om 'n diensverskaffer aan te stel wat opleiding kan aanbied wat in lyn is met die munisipaliteit se operasionele tydsraamwerke en op 'n per-werknemer basis. Dit sou onprakties wees om verskeie diensverskaffers vir die opleidingsmodules soos uiteengesit te betrek.
- (b) Dat kennis geneem word dat die uitgawe geallokeer word teen mSCOA pos: 9/213-1195-953 (Training: Efficiency Development);
- (c) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur opdrag gegee word om die bogenoemde rede as 'n aantekening by die finansiële state in te sluit wanneer dit opgestel word.

7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKYRINGPROSEDURES: MENSLIKE HULPBRONBESTUURSTELSEL EN PAYROL-STELSEL OPLEIDING: PAYDAY SAGTEWARE (8/1/B/2)

Die Menslike Hulpbronne- en Salarisadministrasie-afdelings benodig geteikende, kliënt-/stelsel-spesifieke opleiding om te verseker dat amptenare toegerus is om hul funksies doeltreffend en in lyn met die Munisipaliteit se operasionele standarde uit te voer.

Besluit/...

7.13/...

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het vir die aanstelling van PayDay Software Systems as die diensverskaffer vir die opleidingsintervensies soos gelys in hierdie verslag, en dat daar van die verkrygingsvoorskrifte afgewyk word in terme van paragraaf 36(1)(a)(v) van die Verkrygingsbestuursbeleid vir die volgende rede:
 - (i) Die opleiding is hoogs gespesialiseerd en stelselspesifiek vir die PayDay-sagtewarestelsel wat tans deur die Munisipaliteit gebruik word, en die aard van die opleiding vereis buigsaamheid in skedulering en aanbieding, en dit sou dus onprakties wees om 'n formele tenderproses te volg.
- (b) Dat kennis geneem word dat die uitgawe geallokeer word teen mSCOA pos: 9/213-1195-953 (Training: Efficiency Development);
- (c) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur opdrag gegee word om die bogenoemde rede as 'n aantekening by die finansiële state in te sluit wanneer dit opgestel word.

7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYRINGPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE DOMPELPOMP NR 3 BY DIE INLAATWERKE VAN MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)

Die optimale funksionering van dompelpompe in die rioolsuiweringsproses is uiters belangrik om die vloeï van rou-riool na die stelsel te verseker en om te voorkom dat rou-riool nie terug vloeï in die verspreidingsnetwerk en by mangate oorstroom nie. Een van die dompelpompe by die Malmesbury WWTW het probleme gegee en dringende herstelwerk is benodig.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuurs-beleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die pomp by die Malmesbury WWTW deur CAW ten bedrae van R60 685,00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die dompelpomp sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
 - (ii) Voormelde sou aanleiding gee 'n onderbreking in die behandelingsproses, die oorvloeï van die riooldreineringsstelsel en 'n onderbreking in die lewering van die riooldiens;
 - (iii) Die herstel van die dompelpomp is dus as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R60 685,00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-849-425 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.15 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYRINGPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE DOMPELPOMP NR 2 BY DIE MADELIEFIE-POMPSTASIE, RIEBEEK KASTEEL (8/1/B/2)

Die Madeliefies-Pompstasie is toegerus met twee dompelpompe wat rou-riool versamel vanaf die residensiële gebiede en vervoer na die Riebeek Kasteel WWTW. Een van die pompe het probleme gegee wat aanleiding gegee het tot die oorvloeï van rou-riool by die pompstasie.

Besluit/...

7.15/...

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuurs-beleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die pomp by die Madeliefie Pompstasie deur CAW ten bedrae van R34 650,00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die pomp sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
 - (ii) Voormelde sou aanleiding gee 'n onderbreking in die behandelingsproses, die oorstroom van die riooldreineringsstelsel en 'n onderbreking in die lewering van die riooldiens;
 - (iii) Die herstel van die pomp is dus as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R34 650,00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/240-849-381 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.16 REGSTELLING VAN GOEDGEKEURDE BEDRAG: AFWYKING VAN
VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTELWERK AAN
CATERPILLAR WHEELED LOADER, CK 43236 (8/1B/2)**

Die verslag het ten doel om die bedrag van R36 382.53 (BTW ingesluit) vir die herstelwerk aan *Caterpillar Wheeled Loader*, CK 43236 wat op 21 Mei 2025 voor die Uitvoerende Burgemeesterkomitee gediën het, reg te stel.

BESLUIT

Dat kennis geneem word dat die bedrag betaalbaar aan Barlow World Equipment vir die herstelwerk aan die *Caterpillar Wheeled Loader*, CK 43236 wat as 'n afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures onder item 7.32 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 21 Mei 2025 gediën het, verkeerdelik aangedui was as R36 382.53 (BTW uitgesluit) en dat die werklike bedrag R36 382.53 (BTW ingesluit) beloop.

**(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER**



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE MUNISIPALE BESTUUR-, ADMINISTRASIE EN FINANSIES PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 13 AUGUSTUS 2025 OM 10:25

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl I S le Minnie
Ondervoorsitter, rdl N Smit

Penxa, B J
Pypers, D C
Rangasamy, M A (rdh)
Vermeulen, G

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H C A Witbooi
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Senior Bestuurder: Begroting, Kosteberekening en Verslagdoening, ms H Papier
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdh T van Essen, rddM Nel en rdle E C O'Kennedy, A K Warnick, P E Soldaka en die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton.

2. NOTULE

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (MUNISIPALE BESTUUR-, ADMINISTRASIE- EN FINANSIESKOMITEE) GEHOU OP 11 JUNIE 2025

BESLUIT

(op voorstel van rdl D C Pypers, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Munisipale Bestuur-, Administrasie- en Finansies) gehou op 11 Junie 2025 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen.

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. MUNISIPALE BESTUURDER

Geen.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 SALGA WERKGROEP (GIGR): RAPPORTERING (11/1/24)

Die GIGR-werkgroep van 16 Julie 2025 is deur beide die Munisipale Bestuurder en die Uitvoerende Burgemeester bygewoon.

AANBEVELING

- (a) Dat daar kennis geneem word van die bywoning deur die Munisipale Bestuurder en Uitvoerende Burgemeester van die SALGA GIGR werkgroep vergadering op 16 Julie 2025;
- (b) Dat daar kennis geneem word van die inhoud van die Opsomming van Uitkomste verslag van die SALGA GIGR werkgroep vergadering van 16 Julie 2025.

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE

Geen.

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen.

9. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

Geen.

10. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen.

**(GET) RDL I S LE MINNIE
VOORSITTER**



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE
PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 13
AUGUSTUS 2025 OM 10:35**

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R J Jooste

Fortuin, C
Gaika, M F
Pieters, C

Smit, N
Williams, A M

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H C A Witbooi
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Senior Bestuurder: Begroting, Kosteberekening en Verslagdoening, me H Papier
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdh T van Essen, rdd M Nel en rdle E C O'Kennedy, A K Warnick, D G Bess en die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton.

2. NOTULE

**2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN
ELEKTRIESE DIENSTEKOMITEE) GEHOU OP 11 JUNIE 2025**

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A M Williams)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 11 Junie 2025 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen.

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1. MAANDVERSLAG: JUNIE 2025

5.1.1/...

5.1/...

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste meld dat die vlak van die Voëlvlei-dam tans op 92% is, wat bo die Wes-Kaapse Watervoorsieningstelsel se gemiddelde vlakke van 82% is.

Die Theewaterskloof-dam, wat meer as die helfte van die stelsel se bergingskapasiteit hou, is op 84%. Daar is egter 'n geblokkeerde inlaatpyp wat die vul van die dam sedert Oktober 2024 beïnvloed en 'n verlies van 27 m³/s veroorsaak. Die Stad Kaapstad sal die Departement van Waterwese bystaan met die verwydering van die blokkasie. 'n Terreinvergadering in hierdie verband is vir volgende week beplan.

Die BRAVAS-projek, waarvan die beplande voltooiing teen Junie 2026 was, is uitgestel na Junie 2029 met konstruksie wat eers in Maart 2027 sal begin.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A M Williams, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat: Siviele Ingenieursdienste vir Junie 2025.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste rapporteer dat vir Junie 2025 was die maksimum aanvraag 7,85% en die energieverbruik 3,3% hoër as in Junie 2024, met geringe aanpassings weens faktuurverskuiwings. Geen beurtkrag is toegepas nie en die toegelate maksimum aanvraag is nie oorskry nie.

Sedert Maart is ongeveer 600 000 kWh vanaf Darling Green Solar aangekoop ingevolge 'n 36-maande krag aankoop-ooreenkoms, wat na verwagting 'n besparing van R3,5 miljoen teenoor Eskom sal beteken.

Energieverliese vir 2025 word net onder 3% geskat, wat ruim binne NERSA se 12%-riglyn is.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A M Williams, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Junie 2025.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen / None

**(GET) RDL R J JOOSTE
VOORSITTER**



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE ONTWIKKELINGSDIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 13 AUGUSTUS 2025 OM 10:52

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl G Vermeulen

Booyesen, A M

De Beer, J M (rdd)

Le Minnie, I S

Ngozi, M

Pypers, D C

Rangasamy, M A (rdh)

Smit, N

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H C A Witbooi

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller

Senior Bestuurder: Begroting, Kosteberekening en Verslagdoening, me H Papier

Komiteebeampte, me S Willemsse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle D G Bess, P E Soldaka en die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGSDIENSTE) GEHOU OP 11 JUNIE 2025

BESLUIT

(op voorstel van rdl I S le Minnie, gesekondeer deur rdh M A Rangasamy)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkelingsdienste) gehou op 11 Junie 2025 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen.

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAG: JUNIE 2025

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste/...

5.1/...

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste rapporteer dat Asla aangestel is om die drie groot behuisingsprojekte in Darling, Moorreesburg en De Hoop (Malmesbury) uit te voer. Die Raad sal ingelig word wanneer die kontrakteur die terrein gaan besoek om die projekte te implementeer.

Die Direkteur doen verder verslag oor gemeenskaps-ontwikkelingsinisiatiewe by die Dahlia-sentrum, wat amptelik op 7 Augustus 2025 geopen is.

Rdd J M de Beer spreek haar kommer uit rakende die uitsluiting van die Munisipaliteit by kontraktuele- en besprekings insake ooreenkomste tussen nasionale/provinsiale departemente en kleinboere. Sy beklemtoon dat die Munisipaliteit by onderhandelings met kleinboere ingesluit moet word om voorbereid te wees wanneer probleme voorkom.

Rdl D C Pypers spreek sy kommer uit oor 'n opvanggebied agter 'n behuisingsprojek waar die draadomheining onveilig is. Daar is ook 'n sluis sonder 'n versperring, wat 'n veiligheidsrisiko vir toekomstige inwoners inhou.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste bevestig dat die Munisipaliteit bewus is van voormelde en dat die vereistes vir omheining met relevante partye bespreek is. Asla is gevra om die omheining by die projek in te sluit voordat werk op die terrein begin. Die bou-inspekteurs is geraadpleeg en die saak sal weer met Asla opgeneem word.

Rdl M Ngozi spreek sy kommer oor:

- Toeganklikheid van die Dahlia-sentrum vir inwoners sonder vervoer, aangesien dit aan die einde van Wessbank geleë is.
- Die swak gehalte van komberse wat as humanitêre hulp uitgereik word, wat nie voldoende warmte bied nie.
- Die impak van die *African Swine Fever Virus* (ASF)-uitbraak op voedselafvalbestuur, aangesien kleinboere voorheen voedselafval versamel het om hul varke te voer. Sonder varke lê die voedselafval nou onbeheerd en veroorsaak ander peste en plae in Ilinge Lethu.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste meld dat die Dahlia-sentrum bring dienste nader aan kwesbare gemeenskappe in vergelyking met die sentrale sakekern. Dit sentrum is oop vanaf 08:00–17:00 en word as 'n verbetering in dienslewering beskou.

Die kwaliteit van humanitêre items, soos komberse, sal by die Rampbestuurskomitee bespreek word vir hersiening. D

ie ASF-uitbraak sal na verwagting ten minste drie maande voortduur. Die tegnici van die Departement van Landbou is in voortdurende kommunikasie met kleinboere.

Rdl A M Booysen noem dat die Chatsworth-gemeenskap konsekwent was in hul versoek vir SASSA-dienspunte. SASSA het ingestem om twee uitreikbesoeke vir Augustus en September 2025 te doen, maar sal nie in staat wees om hierdie besoeke vir die res van die jaar voort te sit nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D C Pypers, gesekondeer deur rdl I S le Minnie)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir Junie 2025.

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR

6.1 DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL

Dat **KENNIS GENEEM** word van die inhoud van die notule van 'n vergadering van die Munisipale Beplanningstribunaal gehou op 11 Junie 2025.

6.2 SALGA WERKGROEP: DEVELOPMENT PLANNING AND RURAL DEVELOPMENT: RAPPORTERING (11/1/24)

Die SALGA-werkgroep van 16 Julie 2025 was deur Mnr Alwyn Burger bygewoon.

AANBEVELING

- (a) Dat kennis geneem word van die bywoning deur Mnr Alwyn Burger van die SALGA-werkgroepvergadering op 16 Julie 2025;
- (b) Dat kennis geneem word van die opsomming van die uitkomste van die SALGA-werkgroepvergadering van 16 Julie 2025.

6.3 SALGA WERKGROEP: ENVIRONMENTAL MANAGEMENT & CLIMATE RESILIENCE: RAPPORTERING: RAPPORTERING (11/1/24)

Die SALGA-werkgroep van 17 Julie 2025 was deur Rdl A K Warnick en Mnr Sheldon Visagie bygewoon.

AANBEVELING

- (a) Dat kennis geneem word van die bywoning deur Rdl A K Warnick en Mnr Sheldon Visagie van die SALGA-werkgroepvergadering op 17 Julie 2025;
- (b) Dat kennis geneem word van die opsomming van die uitkomste van die SALGA-werkgroepvergadering van 17 Julie 2025.

6.4 SALGA WERKGROEP: HUMAN SETTLEMENTS AND URBAN AGENDA: RAPPORTERING (11/1/24)

Die SALGA-werkgroep van 15 Julie 2025 was deur Rdl D C Pypers en Mnr Sylvester Arendse bygewoon.

AANBEVELING

- (a) Dat kennis geneem word van die bywoning deur Rdl D C Pypers en Mnr Sylvester Arendse van die SALGA-Werkgroepvergadering op 15 Julie 2025;
- (b) Dat kennis geneem word van die opsomming van die uitkomste van die SALGA-Werkgroepvergadering op 15 Julie 2025.

6.5 SALGA WERKGROEP: JOINT COMMUNITY DEVELOPMENT AND SECURITY: RAPPORTERING (11/1/24)

Die SALGA-werkgroep van 15 Julie 2025 was deur Rdl D G Bess en Me Hillary Balie bygewoon.

AANBEVELING

- (a) Dat kennis geneem word van die bywoning deur Rdl D G Bess en Me Hillary Balie van die SALGA-werkgroepvergadering op 15 Julie 2025;
- (b) Dat kennis geneem word van die opsomming van die uitkomste van die SALGA-werkgroepvergadering van 15 Julie 2025.

7. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen.

**(GET) RDL G VERMEULEN
VOORSITTER**



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BESKERMINGSDIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 13 AUGUSTUS 2025 OM 10:00

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Ondervoorsitter, rdl A K Warnick

De Beer, J M (rdd)

Fortuin, C

Jooste, R J

Le Minnie, I S

Papier, J R

Pieters, C

White, G E

Williams, A M

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H C A Witbooi

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller

Senior Bestuurder: Begroting, Kosteberekening en Verslagdoening, me H Papier

Senior Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingdienste, mnr R Steyn

Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die ondervoorsitter verwelkom lede en versoek rdl D C Pypers om te open met gebed.

Die ondervoorsitter verwelkom die nuut aangestelde Direkteur: Beskermingsdienste, mnr Henry Witbooi. Mnr Witbooi was voorheen verbonde aan Cederberg Munisipaliteit en het op 1 Augustus sy diens by Swartland Munisipaliteit begin.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdd M Nel, rdl D G Bess en die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (BESKERMINGS-DIENSTE) GEHOU OP 11 JUNIE 2025

BESLUIT

(voorgestel deur rdl I S le Minnie, gesekondeer deur rdl G E White)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Beskermingsdienste) gehou op 11 Junie 2025 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen.

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAG: JUNIE 2025

5.1.1 VERKEERS- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE
5.1.2 BRANDBESTRYDING

Die Senior Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingsdienste noem dat die afname in leerderslisensie-slaagvlakke as gevolg van die nuwe elektroniese leerderslisensiestelsel is wat 1,500 vrae bevat en uitdagings vir aansoekers veroorsaak. Waardering is uitgespreek teenoor die Wes-Kaap Mobiliteitsdepartement vir die finansiering en installering van nuwe nummerplaatdetektors by die VTS's in Moorreesburg en Malmesbury teen 'n totale koste van R360,000. Pogings word aangewend om betalingskoerse via die AMPR-stelsel te verhoog.

Rdl I S le Minnie spreek haar kommer uit oor die invordering van uitstaande boetes en lasbriewe, insluitend vertraging in die omskakeling van boetes in werklike inkomste. Die Senior Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingsdienste verduidelik dat vertraging hoofsaaklik te wyte is aan kapasiteitsbeperkings by die howe en die tyd wat geneem word om hofrolle te verwerk, wat landwyd 'n betalingskoers van minder as 18% veroorsaak.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die implementering van AARTO en die voorgestelde diensvlak-ooreenkoms met die Poskantoor, wat tans in sakeherstel is, verdere uitdagings vir inkomste-insameling veroorsaak, aangesien slegs 12% van verkeersinkomste aan die Munisipaliteit terugvloei, in vergelyking met die verwagte 32–35%.

Rdl I S le Minnie verneem oor die rol van die Munisipaliteit om die afname in leerderslisensie-slaagvlakke aan te spreek en maatreëls om jeugwerk-geleenthede te ondersteun, asook die voortgesette veldtogte teen onwettige storting. Die Senior Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingsdienste verduidelik dat aansoekers vrae via Google kan aflaai om voor te berei, en dat die Munisipaliteit opvoedkundige programme en klasse bied in samewerking met die Departement van Mobiliteit en Padveiligheid.

Hy beklemtoon dat huishoudelike dissipline en gemeenskapsdeelname noodsaaklik is vir effektiewe handhawing van verordeninge. Rdl A K Warnick stel voor dat bewustheidveldtogte insake die handhawing van verordeninge na al die dorpe uitgebrei moet word, en noem dat Darling se wetstoepassingsbeamptes aktief onwettige storting hanteer.

BESLUIT

(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl A M Williams)

Dat kennis geneem word van die verslae van die onderskeie departemente in die Direktoraat: Beskermingsdienste, nl. Verkeer en Wetstoepassing en Brandbestryding vir Junie 2025.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 SALGA WERKGROEPE (EPPW en PTR): RAPPORTERING (11/1/24)

Die SALGA-werkgroep is op 14 Mei 2025 deur Rdl A K Warnick bygewoon.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die bywoning deur Rdl A K Warnick van die SALGA EPPW en PTR werkgroep vergadering op 14 Mei 2025;
- (b) Dat kennis geneem word van die inhoud van die verslag en die notule van die SALGA EPPW en PTR werkgroep vergadering van 14 Mei 2025.

6.2 SALGA: NOODDIENSTE EN RAMPBESTUUR (ESDM) PROVINSIALE WERKSGROEP GEHOU OP 17 JULIE 2025 (11/1/24)

Die SALGA-werkgroep is op 17 Julie 2025 deur Rdl A K Warnick bygewoon.

6.2/...

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die inhoudelike dokumente en bespreking van die SALGA ESDM-werkgroep op 17 Julie 2025.

(GET) RDL A K WARNICK
ONDERVOORSITTER



Verslag ♦ Ingxelo ♦ Report

Office of the Municipal Manager
2025-08-20

2/1/4/4/1
WARD: All wards

ITEM _____ VAN DIE AGENDA VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING
WAT GEHOU SAL WORD OP 21 AUGUSTUS 2025

ONDERWERP: GOEDKEURING VAN DIE GOP/ BEGROTINGS TYDSKEDULE
SUBJECT: APPROVAL OF THE IDP / BUDGET TIME SCHEDULE

1. BACKGROUND AND DISCUSSION

Section 21(1)(b) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003 stipulates the following:

The mayor of a municipality must at least 10 months before the start of the budget year, table in the municipal council a time schedule outlining key deadlines for-

- (i) the preparation, tabling and approval of the annual budget;
- (ii) the annual review of-
 - (aa) the IDP in terms of section 34 of the Municipal Systems Act; and
 - (bb) the budget-related policies;
- (iii) the tabling and adoption of any amendments to the IDP and the budget-related policies; and
